**SKRIFLESING Matt 6:10a**
**TEMA In Gesprek met God: Sy Wêreld**

Hierdie tweede bede is 'n logiese gevolg op die eerste. Op "Laat U Naam geheilig word" volg "Laat U koninkryk kom". Wanneer jy God se Naam ken, meewerk om dit waarlik te heilig en God sien, eer en eerbiedig vir wie Hy werklik is, erken jy Hom as Koning en sien jy jouself as deel van Sy volk.

Ons moet die gebed: "Laat U koninkryk kom;" nie vir onsself te moeilik maak nie. Daar is talle ooreenkomste en enkele verskille tussen Sy koninkryk en 'n aardse koninkryk. In 'n ideale aardse koninkryk regeer 'n sterk koning goed in sy koninkryk. Daar is ook altyd ander koninkryke, waarvan sommige 'n bedreiging inhou. Die koning op die troon maak reëls of wette. In 'n aardse koninkryk is daar onderdane wat die koning dien en 'n aardse koninkryk hou gewoonlik net vir 'n bepaalde tyd.

**Waar is Koninkryk van God waarvoor ons bid?**
Die Koninkryk van God is Sy Koningsheerskappy oor alles, oor die duiwel, die wêreld en ons as Sy kinders. In Efesiërs 1vers 21 lees ons in die Boodskap-vertaling: "Nou regeer Jesus natuurlik oor al wat mag of regeerder of koning is. Niemand, ek herhaal, niemand en niks sal ooit belangriker of sterker as Jesus kan wees nie; nie nou nie en ook nie in die toekoms nie." Dit is die strategiese posisie vanwaar die Here alles regeer. Die Here leer ons dat, ongeag hoe chaoties wêreldsake lyk, Hy steeds regeer en dat nie één haar van ons hoofde sal val sonder dat Hy daarvan weet nie.

Soos met 'n aardse koninkryke is daar verskillende koninkryke in stryd met die koninkryk van God. Die koninryk van Satan en sonde is in direkte opposisie en vyandskap teen God.Maar vir ons as kinders van die Here is daar 'n selfs gevaarliker koninkryk. Dit is my koninkryk waar ek in beheer wil wees en op die troon van my lewe wil sit. Alles draai om my en dinge moet gedoen word soos ek daarvan hou.

Daarom moet ek in geloofsoorgawe gereeld bid dat die Here my moet help om Sy koninkryk in my lewe te laat kom. Onder leiding van die Heilige Gees moet ek Hom op die troon van my lewe laat sit.

In Jakobus 2 vers 8 lees ons van Sy reëls of eerder van Sy reël in Sy koninkryk: "As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself," dan doen julle reg."

In die Here se koninkryk is ons, anders as in 'n aardse koninkryk, nie onderdane nie. Ons is Sy volk en Sy volgelinge. Soos reeds gesê moet ons as sy volgelinge van die troon van ons eie lewens afklim sodat Hy in ons kan heers. Ons lees hiervan in Markus 10 vers 13-16: "[13]Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy dissipels het met die mense daaroor geraas. [14]Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. [15]Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. [16]Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën."

Hoe word Christen 'n Christen? Hy/sy kies om intensioneel naïef te leef. Met ander woorde hy/sy kies om aspris kinderlik opreg en vol verwondering te glo en te leef. So kies ons om binne die koninkryk van God te leef. In Matt 5:3 bevestig Jesus: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

In Matt 6:31-33 praat Hy oor prioriteite binne sy koninkryk: "[31]Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. [32]Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.
[33]Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."
Ons belangrikste en eerste prioriteit moet wees om die koningsheerskappy van God te laat kom en te laat uitbrei.

Wie laat Sy Koninkryk kom?
Die koms van Sy koninkryk is soos 'n klip wat in die water gegooi word. Dit begin by Hom en kring deur ons as kerk uit na die wêreld.

In die eerste plek laat God self Sy koninkryk kom. Hy is die Koning op die troon, ook die troon van ons lewens. Hy brei Sy ryk op aarde uit. En anders as aardse ryke vol geweld, is Sy ryk gevul met liefde. Maar ek en jy het ook 'n verantwoordelikheid in die uitbrei van Sy koninkryk. Coenie Burger sê so mooi: "Dit is asof die Here vir ons sê: Sien julle die wêreld wat so sleg lyk? Ek is lief vir daardie plek en vir al daardie mense wat Ek gemaak het. Ek gaan dit nie sommer prysgee nie. Daarom het Ek besluit om dit reg te maak. Daarom het Ek jou gemaak en jou deel van My volgelinge gemaak. Ek het 'n plan vir die genesing van die wêreld en Ek wil hê jy moet My daarmee help."

Wanneer ons bid: "Laat U koninkryk kom", dan meld ons aan vir diens: "Here, hier is ek, gebruik my, gebruik my energie en tyd en bronne, alles wat ek is en het om U koninkryk te laat kom."

En wanneer kom Sy koninkryk? Anders as 'n aardse koninkryk is Sy koninkryk nou en vir ewig. Hy regeer nou. Maar ons verlang ook na die dag wanneer Christus weer kom op die wolke en Hy Sy koninkryk finaal sal vestig.

Wanneer ons bid: "Laat U koninkryk kom", dan bid ons dat Hy oor almal en alles sal Koning wees. Ons erken dat daar ander koninkryke is wat Sy koninkryk uit ons lewens en uit die wêreld wil verdryf. Ons meld aan om as Sy volgelinge Sy koninkryk vandag te laat kom.
**Amen**